

**GEOCHEMIESE EN MINERALOGIESE VERSPREIDINGSPATRONE IN  
DIE WANDGESTEENTES VAN TINDRAENDE ERTSLIGGAME  
IN DIE ZAAIPLAATSMYN,  
POTGIETERSRUSDISTRIK**

deur

**JOHAN HENDRIK STRYDOM**

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER

in die Fakulteit Wis- en Natuurkunde

Universiteit van Pretoria,

Pretoria

Maart, 1983.

## SAMEVATTING

GEOCHEMIESE EN MINERALOGIESE VERSPREIDINGSPATRONE IN  
DIE WANDGESTEENTES VAN TINDRAENDE ERTSLIGGAME  
IN DIE ZAAIPLAATSMYN, POTGIETERSRUSDISTRIK

JOHAN HENDRIK STRYDOM

STUDIELEIER: PROF. DR. G. VON GRUENEWALDT

MEDE-STUDIELEIER: MNR. J.P. ENGELBRECHT

DEPARTEMENT: GEOLOGIE

GRAAD: M.Sc

'n Mineralogiese en geochemiese ondersoek is onderneem op die wandgesteentes rondom pypvormige ertsliggame in die Leasegraniet met die doel om tot 'n beter begrip te kom oor die vormingstoestande van die pype. Daar word ook gehoop dat die inligting verkry uit die ondersoek sal lei tot 'n meer sistematiese benadering van eksplorاسie van sulke liggame.

Tinmineralisasie is hoofsaaklik beperk tot die Bobbejaankopgraniet en Leasegraniet. Drie tipes mineralisasies kom voor, te wete eerstens gedissemineerde ertsmineralisasie in die Leasegraniet en veral in die Bobbejaankopgraniet, tweedens steilhellende, mineralogies gesoneerde, pypvormige ertsliggame in die boonste dele van die Bobbejaankopgraniet en in die Leasegraniet, en derdens plat lensvormige ertsliggame aan die boonste kontak van die Leasegraniet.

Die wandgesteentes om twee uitgemynde pypvormige ertsliggame in die Leasegraniet is mineralogies en geochemies ondersoek. Daar is gevind dat bepaalde spoorelemente naamlik, Cu, W, As, Zn en Pb karakteristieke halopatrone om ertsliggaam A gevorm het, terwyl die wandgesteentes om die ertsliggaam sekondêre verandering ondergaan het en uitdrukking vind in veral 'n kenmerkende kleur=

verandering sowel as serisitisasie van die veldspaatminerale. Daar is ook gevind dat die vorm en omvang van die halo's en die vorm en omvang van die wandgesteenteverandering gedeeltelik oorvleuel. Die afleiding wat hiervan gemaak word is dat die twee verskynsels, naamlik wandgesteenteverandering en ertsafsetting wel ruimtelik geassosieer is. maar nie noodwendig op dieselfde tydstip plaasgevind het nie.

Halopatrone kan ook om die Leasepyp geïdentifiseer word alhoewel die halo's in hierdie geval baie meer uitgebreid vertoon. Die patrone kon egter nie altyd duidelik bepaal word nie omdat die boorgate nie die wandgesteentes diep genoeg gepenetreer het nie.

Dit is egter duidelik dat bepaalde spoorelemente soos Cu, W, As, Zn, Pb, Bi en Sb wel fluktuasies in die omgewing van die pyp toon, terwyl die hoofelementverspreidingspatrone nie sulke variasies vertoon nie. Sn vertoon verder 'n betekenisvolle halo om die Leasepyp terwyl dit nie 'n halo om pyp A vertoon het nie. Daar is ook slegs geringe wandgesteenteverandering om die Leasepyp waargeneem.

Die feit dat beide bestudeerde pype 'n elementsonering in die wandgesteentes vertoon, dui daarop dat migrasie van die erts= elemente vanaf die ertsliggaam na die granitiese wandge= steentes plaasgevind het. Die wandgesteenteverandering om pyp A is ook moontlik toe te skryf aan vroeë voorbereidende vloeistowwe wat deur bepaalde sones migreer het, voordat die puls van ertsvloeistowwe afgeset is.

Drie boorgate in studiegebied 1 het boorkernmateriaal verskaf oor die kontak tussen die Leasegraniet en die Rashoopgranofier. Die pegmatietsone is nie in hierdie gebied ontwikkel nie. Karakteristieke variasies is vir Rb, Sr, U, Th, Nb en Ti oor die kontak waargeneem. Hierdie variasies word as 'n definitiewe diskontinuiteit in die afsettingspatroon van bogenoemde elemente geïnterpreteer.

In die bestaande hipotese oor die genese van die Bosveldgranitoïde word die Leasegraniet beskou as die laatfase vloeistof van 'n granitiese magma wat verkilling ondergaan het tydens kristallisasie. Hiervolgens sou verwag word dat 'n duidelike diskontinuititeit sou bestaan tussen die afsettingspatroon van die elemente van die vroeggevormde dakgesteentes (Rashoopgranofier) en die afsettingspatroon van die elemente van die laatfase aplitiese graniet (Leasegraniet).



**ABSTRACT**

GEOCHEMIESE EN MINERALOGIESE VERSPREIDINGSPATRONE IN  
DIE WANDGESTEENTES VAN TINDRAENDE ERTSLIGGAME  
IN DIE ZAAIPLAATSMYN, POTGIETERSRUSDISTRIK

JOHAN HENDRIK STRYDOM

SUPERVISOR: PROF. DR. G. VON GRUENEWALDT

CO-SUPERVISOR: MR. J.P. ENGELBRECHT

DEPARTMENT: GEOLOGY

DEGREE: M.Sc

A mineralogical and geochemical investigation of the country rock around pipe-like ore bodies in the Lease Granite was undertaken to obtain a better understanding of the conditions of formation of the pipes. It was also hoped that the information gathered by the investigation would result in a more systematic approach of the exploration for such bodies.

Tin mineralization is confined mainly to the Bobbejaankop Granite and Lease Granite. Three types of mineralization occur: firstly, disseminated ore mineralization in the Lease Granite and especially in the Bobbejaankop Granite, secondly, steeply to moderately inclined mineralogically zoned pipe-like ore bodies in the upper regions of the Bobbejaankop Granite and in the Lease Granite, and thirdly, funnel-shaped lenticular ore bodies at the upper contact of the Lease Granite.

The country rock around two mined out pipe-like ore bodies was investigated mineralogically and geochemically. It was found that certain trace elements, namely, Cu, W, As, Zn and Pb form characteristic halo patterns around ore body A, while the country rock around the ore body was subjected to secondary alteration as could be seen especially in the characteristic colour change as well as the sericitization of the feldspar minerals. It was also

found that the shape and size of the haloes and the shape and size of the alteration halo in the country rock overlap partially. From this it was concluded that the two phenomena, namely alteration of the country rock and ore deposition are associated in space but did not necessarily take place at the same time.

Halo patterns were also identified around the Lease Pipe but in this instance the haloes are more extensive. The patterns could, however, not always be determined exactly as the boreholes did not penetrate the country rock deep enough. It is, however, clear that certain trace elements such as Cu, W, As, Zn, Pb, Bi and Sb show fluctuations in the vicinity of the pipe, whereas major element distribution patterns do not show such variations. Furthermore, tin shows a significant halo around the Lease Pipe but not around pipe A. Only slight alteration of the country rock around the Lease Pipe was encountered.

The fact that both pipes investigated show elemental zoning in the country rock, indicates that there was migration of the ore elements from the ore body to the granitic country rock. The alteration of the country rock around pipe A could probably be due to early preparatory fluids that migrated through specific zones, before the pulse of ore fluids was deposited.

Three boreholes in study area 1 provided borehole core material across the contact between the Lease Granite and the Rashoop Granophyre. The pegmatite zone is not developed in this area. Characteristic variations were observed for Rb, Sr, U, Th, Nb and Ti over the contact. These variations have been interpreted as a definite discontinuity in the deposition pattern of the abovementioned elements.

According to the existing hypothesis on the genesis of the Bushveld granitoids the Lease Granite is regarded as the late phase

fluid of a granitic magma that was subjected to chilling or quenching during crystallization. One would therefore expect a definite discontinuity between the deposition pattern of the elements in the roof rocks (Rashoop Granophyre) which formed earlier, and the deposition pattern of the elements in the late phase aplitic granite (Lease Granite).

## INHOUDSOPGAWE

		<u>Bladsy</u>
	<b>SAMEVATTING</b> .....	<b>i</b>
	<b>ABSTRACT</b> .....	<b>iv</b>
<b>1.</b>	<b>INLEIDING</b> .....	<b>1</b>
1.1	METODES VAN ONDERSOEK .....	1
1.1.1	INLEIDING .....	1
1.1.2	HOOFELEMENTE .....	2
1.1.2.1	STUDIEGEBIED 1 .....	2
1.1.2.2	STUDIEGEBIED 2 .....	7
1.1.3	SPOORELEMENTE ....	7
1.2	HISTORIESE OORSIG .....	7
<b>2.</b>	<b>GEOLOGIESE FORMASIES</b> .....	<b>8</b>
2.1	DIE FELSIESE FASE VAN DIE BOSVELDKOMPLEKS .....	8
2.2	DIE ERTSDRAENDE GRANITOIDE VAN DIE FELSIESE FASE VAN DIE BOSVELDKOMPLEKS .....	11
2.2.1	DIE BOBBEJAANKOPGRANIET .....	14
2.2.2	DIE LEASEGRANIET .....	14
2.2.3	DIE PEGMATIET .....	14
2.2.4	DIE SUITE RASHOOPGRANOFIER .....	16
<b>3.</b>	<b>KLASSIFIKASIE VAN DIE ERTSMINERALISASIES IN DIE BESTUDEERDE GEBIEDE</b> .....	<b>17</b>
3.1	INLEIDING .....	17
3.2	ENDOGRANITIESE, EPIGENETIESE METASOMATIESE PYPAFSETTINGS .....	18
<b>4.</b>	<b>MINERALOGIESE EN GEOCHEMIESE VERSPREIDINGSPATRONE IN DIE WANDGESTEENTES OM DIE ERTSLIGGAME IN DIE BESTUDEERDE GEBIEDE</b> .....	<b>20</b>

## INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

		<u>Bladsy</u>
4.1	STUDIEGEBIED .....	20
4.2	WANDGESTEENTEVERANDERING .....	24
4.2.1	INLEIDING .....	24
4.2.1.1	TIPES WANDGESTEENTEVERANDERINGS .....	25
4.2.2	MINERALOGIE, LITOLOGIE EN PETROGRAFIE VAN DIE WANDGESTEENTES .....	26
4.2.2.1	VARIASIE IN SAMESTELLING, KLEUR EN TEKSTUUR VAN DIE WANDGESTEENTES .....	26
4.2.2.1.1	SONE VAN VERANDERDE GRANIELT .....	27
4.2.2.1.2	OORGANGSONE .....	29
4.2.2.1.3	ONVERANDERDE GRANIELT .....	29
4.2.3	INTERPRETASIE VAN WANDGESTEENTEVERANDERINGS IN DIE BESTUDEERDE GEBIEDE .....	30
4.2.3.1	RUIMTELIKE EN TYDELIKE ASSOSIASIE TUSSEN DIE WAND= GESTEENTEVERANDERING EN DIE ERTSMINERALISASIE ....	30
4.2.3.2	FISIOCHEMIESE TOESTANDE TYDENS WANDGESTEENTEVE= ANDERING .....	36
4.3	HOOFELEMENTVERSPREIDINGSPATRONE OM DIE ERTSLIGGAME IN DIE BESTUDEERDE GEBIEDE .....	36
4.4	PRIMÊRE GEOCHEMIESE HALO VAN DIE ERTSMINERALISASIE	37
4.4.1	INLEIDING .....	37
4.4.2	PADVINDERELEMENTE .....	38
4.4.2.1	INLEIDING .....	38
4.4.2.2	KEUSE EN BEPALING VAN PADVINDERELEMENTE .....	39
4.4.3	STATISTIESE VERWERKING VAN GEOCHEMIESE DATA .....	40
4.4.3.1	INLEIDING .....	40
4.4.3.2	BEPALING VAN DRUMPELWAARDES VIR GEOCHEMIESE DATA MET BEHULP VAN WAARSKYNLIKHEIDSGRAFIEKE .....	40
4.4.3.2.1	KEUSE VAN DRUMPELWAARDES .....	42
4.4.3.2.1.1	DRUMPELWAARDE VIR Sn .....	44

INHOUDSOPGAW (VERVOLG)

	<u>Bladsy</u>
4.4.3.2.1.2 DRUMPELWAARDE VIR Cu .....	44
4.4.3.2.1.3 DRUMPELWAARDE VIR W .....	44
4.4.3.2.1.4 DRUMPELWAARDE VIR Pb .....	47
4.4.3.2.1.5 DRUMPELWAARDE VIR Zn .....	47
4.4.3.2.1.6 DRUMPELWAARDES VIR Ni EN Co .....	50
4.4.4 MOONTLIKE PADVINDERELEMENTE .....	50
4.4.4.1 STUDIEGEBIED 1 .....	53
4.4.4.2 STUDIEGEBIED 2 .....	55
4.4.5 SONERING VAN PRIMÊRE HALOS .....	56
5. 'N GEOCHEMIESE VERGELYKING TUSSEN SPOORELEMENT= VERSPREIDING VAN GEMINERALISEERDE LEASEGRANIET EN ONGEMINERALISEERDE SUITE RASHOOPGRANOFIER .....	63
6. MOONTLIKE VERKLARINGS VIR DIE ERTSMINERALISASIE EN GEPAARDGAANDE SONERINGSVERSKYNSELS IN DIE LEASE= GRANIET .....	64
7. GEVOLGTREKKING .....	71
7.1 STUDIEGEBIED 1 .....	71
7.2 STUDIEGEBIED 2 .....	72
BEDANKINGS .....	73
BIBLIOGRAFIE .....	74
8. AANHANGSEL 1 .....	80
9. AANHANGSEL 2 .....	103

## 1. INLEIDING

Tinmineralisasie in die Zaaiplaatsmyn is beperk tot drie tipes, eerstens die in gedissemineerde ertssones, tweedens die in lensvormige ertsliggame en laastens die in pypvormige liggame.

Die rykste erts is afkomstig van die pypliggame, maar hul omvang is relatief klein in vergelyking met die graniete waarin hulle voorkom. Hulle kom verder baie onreëlmatig voor en tot op hede word daar nog nie van sistematiese eksplorasiemetodes gebruik gemaak tydens die opspoor van hierdie ryk pypliggame nie.

Die primêre doel van die huidige studie is om die mineralogiese en geochemiese veranderinge in die wandgesteentes rondom pypvormige ertsliggame in die Zaaiplaats Tinmyn te bestudeer ten einde, eerstens, 'n beter insig te kry van die vormingstoestande van die pype en, ten tweede, in die hoop dat die inligting na 'n meer sistematiese benadering van eksplorasiemodes sal lei.

Dit is bekend dat sommige tipes ertsliggame die een of ander vorm van halostruktuur op die omliggende wandgesteentes afdruk (Beus en Grigorian, 1977). Hiermee as uitgangspunt is besluit om die geochemiese verspreidingspatrone van 'n reeks hoof-, ondergeskikte- en spoorelemente (wat volgens die samestelling van die ertsliggame en die wandgesteentes in aansienlike hoeveelhede teenwoordig behoort te gewees het tydens die proses van ertsvormings), in die wandgesteentes om twee uitgemynde ertsliggame te ondersoek. Indien dit gevind sou word dat sommige van die elemente karakteristieke verspreidingspatrone om die ertsliggame vorm, en indien hulle oor groot genoeg afstande vanaf die ertsliggame waargeneem word, dan sal hulle dus moontlik as geochemiese eksplorasiehoopmiddels in die opsporing van verdere onbekende hoëgraadse ertsliggame gebruik kan word.

### 1.1 METODES VAN ONDERSOEK

#### 1.1.1 INLEIDING

Al die materiaal vir die geochemiese en petrografiese ondersoek is van boorkerne wat met behulp van 'n diamantboor uitgeboor is, verkry.

Die boorkern is vir elke boorgat in bepaalde intervalle ingedeel. Naby die ertsliggaam in studiegebied 1 is klein intervalle geneem (0,15 m), en soos wegbeweeg is vanaf die ertsliggaam is die intervalle progressief vergroot tot 417 cm. In studiegebied 2 is konsekwent van een meter intervalle gebruik gemaak. Verteenwoordigende monsters is geneem van die kernmateriaal in elke interval vir beide analitiese en petrografiese doeleindes. In Tabelle 8.1 tot 8.15 van Aanhangsel 1 word die intervalle vir die verskillende boorgate aangegee.

Die monsters van studiegebied 1 is deur die analitiese laboratorium van die Geologiese Opname ontleed en die monsters van studiegebied 2 deur Anglo American Navorsingslaboratorium se analitiese afdeling. Die eksperimentele parameters en deteksielimiëte vir die hoof-, ondergeskikte- en spoorelementontledings in studiegebiede 1 en 2 word in Tabel 1.1 tot Tabel 1.4 aangedui. Die geochemiese ontledings vir alle hoof-, ondergeskikte- en spoorelemente in die bestudeerde gebiede, word gegee in Tabel 8.1 tot Tabel 8.15 van Aanhangsel 1.

### 1.1.2 HOOFELEMENTE

#### 1.1.2.1 STUDIEGEBIED 1

Al die hoofelemente (met die uitsondering van Na) is volgens die smeltmetode van Norrish en Hutton (1969), met behulp van X-straalfluoresensiespektrometrie ontleed. Die natriumontledings is met behulp van X-straalfluoresensiespektrometrie op saamgeperste poeierbrikette uitgevoer. Die ontleding van die hoofelemente is met behulp van 'n Rigaku Denki X-straalfluoresensie-apparaat gedoen. Die apparaat is 'n enkelkanaal spektrometer wat met 'n 105 monster outomatiese verwisselaar toegerus is.



TABEL 1.1

EKSPERIMENTELE PARAMETERS VIR HOOFELEMENTONTLEDINGS IN STUDIEGEBIED 1

OKSID	SiO <sub>2</sub>	Al <sub>2</sub> O <sub>3</sub>	Fe <sub>2</sub> O <sub>3</sub>	MgO	CaO	K <sub>2</sub> O	Na <sub>2</sub> O
SPEKTROMETER	RIGAKU DENKI SEKWENSIËLE X-STRAALFLUORESENSIESPEKTROMETER						
BUIS	RODIUM						
KRAGOPWEKKER	kV	50					
	mA	50					
KRISTAL	PET		LiF 220	TLAP	LiF 200		TLAP
TELLER	VLOEITELLER		SINTILASIEPELLER	VLOEITELLER			
TELTID (SEK)	80		20	100	40		100
DETEKSIELIMIET	0,01%			0,1%	0,01%		0,1%
KONSENTRASIE IN	PERSENT						

TABEL 1.2

EKSPERIMENTELE PARAMETERS VIR SPOOR- EN ONDERGESKIKTE ELEMENTONTLEDINGS IN STUDIEGEBIED 1

ELEMENT/OKSIED	P <sub>2</sub> O <sub>5</sub>	TiO <sub>2</sub>	MnO	V	Co	Ni	Cu	Zn	Rb	Sr	Y	Zr	Nb	Mo	Sn	W	Pb	Th	U	As
SPEKTROMETER	PHILIPS MULTIKANAAL GOLFLENGTE DISPERSIEWE X-STRAALSPEKTROMETER																			RIGAKU DENKI
BUIS	RODIUM																			
KRAGOPWEKKER	kV	60																		50
	mA	40																		50
KRISTAL	Ge	LiF 200																		LiF 220
TELLER	Vt*	SINTILASIEPELLER																		
TELTID (SEK)	100																			
DETEKSELIMIET	0,01%			5 d.p.m.															3 d.p.m.	
KONSENTRASIE IN	PERSENT			DELE PER MILJOEN																

\* Vloeteller

TABEL 1.3 EKSPERIMENTELE PARAMETERS VIR HOOFELEMENTONTLEDINGS IN STUDIEGEBIED 2

ELEMENT/OKSID		SiO <sub>2</sub>	Al <sub>2</sub> O <sub>3</sub>	Mg	Fe	K	Na	Ca
SPEKTROMETER		MULTIKANAAL ENERGIE DISPERSIEWE X-STRAALSPEKTROMETER						
BUIS		RODIUM						
KRAGOPWEKKER	kV	60						
	mA	40						
DETEKTOR		Si(Li)						
TELTYD (SEK)		20						
DETEKSIELIMIET		0,1%						
KONSENTRASIE		PERSENT						

TABEL 1.4 EKSPERIMENTELE PARAMETERS VIR SPOORELEMENTONTLEDINGS IN STUDIEGEBIED 2

ELEMENT		Cu	Pb	Zn	Sn	W	As	Sb	Bi
SPEKTROMETER		MULTIKANAAL GOLFLENGTE DISPERSIEWE X-STRAALSPEKTROMETER							
BUIS		RODIUM							
KRAGOPWEKKER	kV	60							
	mA	40							
KRISTAL		LiF 200							
TELLER		VERSEËLDE PROPORSIONELE TELLER							
TELYD (SEK)		20							
DETEKSIELIMIET		2 - 5 d.p.m.				5 - 10 d.p.m.			
KONSENTRASIE		DELE PER MILJOEN							

### 1.1.2.2 STUDIEGEBIED 2

Al die hoofelemente is met behulp van X-straalfluoresensiespektrometrie op saamgeperste poeierbrikette, volgens die metode van Feather en Willis (1976). ontleed.

### 1.1.3 SPOORELEMENTE

Al die spoorelemente, met die uitsondering van die fluoor ontledings in studiegebied 1, is met behulp van X-straalfluoresensiespektrometrie op saamgeperste poeierbrikette ontleed, volgens die metode van Feather en Willis (1976). Fluoor is bepaal deur gebruik te maak van 'n ioonselektiewe elektrode (standaard byvoegingsmetode). NaOH is gebruik om die fluoormonsters in oplossing te bring. Analitiese presisie en akkuraatheid is getoets deur gebruik te maak van NIM-verwysingsgesteentes. Presisie was beter as vyf persent by die 4 000 dpm vlak. Die deteksielimiet is ongeveer 100 dpm.

## 1 2 HISTORIESE OORSIG

Dit is interessant om daarop te let dat die Zaaiplaats tinafsettings eers aan die begin van die twintigste eeu (1906) ontdek is deur 'n prospekteerder met die van van Moore, en nie soos byvoorbeeld die Rooiberg-Leeupoort en ander tingegebiede in Suidelike Afrika, wat alreeds baie lank aan antieke myners bekend was nie (Friede and Steel, 1976).

Bauman (1919) is van mening dat van die tinmyne, soos byvoorbeeld die by Rooiberg, al vir heelwat langer as 'n duisend jaar bekend is en dat werksaamhede tot en met die blankes se aankoms in Afrika plaasgevind het. Soos blyk uit 'n verslag van Jan van den Capella, 'n amptenaar van die HOLLANDS-OOS-INDIESE-KOMPANJE te Delagoa Baai in 1723: "At the end of the year just passed, natives have been at La Goa from the countries "Paraotle" and

"Machicosje", who not only brought copper but also tin for purposes of barter" (ibid, p. 120).

Na die ontdekking van kassiteriet by Zaaiplaats is die gebied met gereelde tussenposes geologies ondersoek en beskryf. Geologiese werk, met spesifieke verwysing na die tinpype van die Zaaiplaats tingebed, is deur Kynaston (1907, 1908), Söhnge (1944), Strauss (1954), Strauss en Truter (1944) en Steyn (1962) gedoen.


## 2. GEOLOGIESE FORMASIES

Die geologiese formasies in die omgewing van die Potgietersrus tinvelde word in Figuur 2.1 en Tabel 2.1 weergegee. Aangesien die kassiterietafsettings in die Zaaiplaatsgebied slegs met die felsiese fase van die Bosveldkompleks geassosieer is, sal hierdie fase in meer besonderhede beskryf word.

### 2.1 DIE FELSIESE FASE VAN DIE BOSVELDKOMPLEKS

Die term "felsiese fase" word hier gebruik as 'n versamelnaam vir alle granitoïde wat geneties met die Bosveldkompleks geassosieer is. Om hierdie rede sluit dit byvoorbeeld die granofiriese gesteentes van die Suite Rashoopgranofier in. maar nie die vulkaniese gesteentes (felsiet) van die Groep Rooiberg nie, aangesien laasgenoemde klaarblyklik voor die ontstaan van die Bosveldkompleks gevorm het (Coertze et al., 1977, p. 151).

Vandat die Potgietersrus tinvelde die eerste keer geologies ondersoek is, het verskillende werkers die felsiese fase verskillend interpreteer en verskillende klassifikasiesisteme het so hul ontstaan gehad.



Geologiese Legende




Fig.2.1 Geologie van die Potgietersrustinveld, volgens die 1:250 000 Geologiese kaart, 2428 Nyistroom.

TABEL 2.1

DIE GEOLOGIESE OPEENVOLGING IN DIE POTGIETERSRUS TINVELDE

OUDERDOM	LITOSTRATIGRAFIESE EENHEID		GESTEENTE	
KWATERNÊR			ALLUVIUM	
NA-KAROO			DOLERIET	
NA-WATERBERG			DIABAAS	
MOKOLIUM	GROEP WATERBERG		SANDSTEEN, KONGLOMERAAT	
VAALIUM	BOSVELD- KOMPLEKS	SUITE LEBOWAGRANIET		GRANIET
		SUITE RASHOOPGRANOFIER		GRANOFIER
		GELAAGDE SUITE RUSTENBURG	BOSONE	MAGNETIETDRAENDE GABBRO, ANORTO- SIET EN DIORIET
			HOOFSONE	GABBRO, NORIET, ANORTOSIET
	OPEENVOLGING TRANSVAAL	GROEP ROOIBERG		FELSIET
		GROEP PRETORIA		KWARTSIET, HORINGFELS
		GROEP CHUNIESPOORT		KALKSTEEN, DOLOMIET



Van die eerste werkers soos byvoorbeeld Kynaston en Mellor (1909) en Wagner (1929) het die felsiese fase beskou as bestaande uit 'n enkele graniet, naamlik die Rooigraniet.

Later het denke oor die felsiese fase verander en het Strauss en Truter (1944) en Strauss (1954) die bestaan van graniete van drie verskillende ouderdomme voorgestel, naamlik Hoofgraniet, Voetheuwelgraniet en derdens Bobbejaankopgraniet, Leasegraniet en Pegmatiet. Hierna het verskillende gedagterigtings ontstaan, onder andere dat die felsiese fase die produk van onderskeibare episodes van magmatisme en metamorfose is (De Waal, 1972). 'n Ander siening van die felsiese fase is dat dit die gevolg is van magmatiese differensiasie (Groves en McCarthy, 1978).

In Tabel 2.2 word 'n beknopte samevatting gegee van verskillende klassifikasiesisteme, soos van toepassing op die Potgietersrus tinvelde.

## 2.2 DIE ERTSDRAENDE GRANITOIDE VAN DIE FELSIESE FASE VAN DIE BOSVELDKOMPLEKS

Alle beskikbare gegewens dui daarop dat alle primêre kassiteriet-mineralisasie in die Zaaiplaatsgebied beperk is tot twee onderskeibare graniete in die felsiese fase van die Bosveldkompleks, te wete die Bobbejaankopgraniet en die Leasegraniet (Fig. 2.2).

Op die nuutste geologiese kaart waarop die Potgietersrus tinvelde aangedui word, naamlik die 1:250 000 Geologiese kaart, 2428 Nylstroom, word die Bobbejaankop- en Leasegraniet nie erken nie en ingesluit as deel van die Nebograniet, maar volgens SAKS (1980) is hulle wel erkende name vir die ertsdraende graniete.

In die verdere verwysing na die gemineraliseerde graniete in die Zaaiplaatsgebied sal die name Bobbejaankop- en Leasegraniet gebruik word, omdat hulle so 'n lang historiese konotasie met die

TABEL 2.2

## DIE KLASSIFIKASIE VAN DIE FELSIESE FASE VAN DIE BOSVELDKOMPLEKS

Kynaston (1908)		Wagner (1929)	Strauss (1954)	De Waal (1972)	Lenthall en Hunter (1973)	SAKS (1980)	
Rooigraniet	Rooi Granofier	Granofiriese Gesteente				Suite Rashoop-granofier	
	Grofkorrelrige Massiewe graniet (Gedeeltelik)	Grofkorrelrige Pienk en Rooi Graniet (Gedeeltelik)	Hoofgraniet	Hoofsuite	Sekukhunigraniet	Nebograniet	
	Fynkorrelrige Graniete (Gedeeltelik)	Porfiritiese Graniet Aplitiese Graniet (Gedeeltelik)	Voetheuwelgraniet	Voetheuwelgraniet		Suite Lebograniet	
	Pegmatiet	Pegmatiet	Pegmatiet	Pegmatiet			
	Mediumkorrelrige Granulitiese Graniet	Aplitiese Graniet (Gedeeltelik) Fynkorrelrige Aplitiese Graniet	Leasegraniet		Leasegraniet		
Grofkorrelrige Massiewe Graniet (Gedeeltelik)	Grofkorrelrige Pienk en Rooi Graniet (Gedeeltelik) Miarolitiese Graniet	Bobbe jaankopgraniet	Bobbe jaankopgraniet	Bobbe jaankopgraniet	Bobbe jaankopgraniet		




Fig 2.2 Oppervlaktegeologie van die Zaaipplaats tinmyn, Distrik Potgietersrus, volgens C.A. Strauss, 1954.

ertsmineralisasie in die felsiese fase van die Zaaiplaats tinge= bied het en omdat hulle deur die Suid Afrikaanse Komitee vir Stratigrafie (SAKS) erken word.


Hierdie twee graniete, naamlik die Bobbejaankop- en Leasegraniet is deur Strauss en Truter (1944) en Strauss (1954) in groot detail beskryf en slegs 'n kort opsomming van die gegewens word in die volgende paragrawe aangebied. Aangesien 'n klein gedeelte van die pegmatietzone en die Suite Rashoopgranofier ook in die studie= gebied val, word kortliks oor hulle ook uitgewy.

### 2.2.1 DIE BOBBEJAANKOPGRANIET

Die kontak tussen die Bobbejaankopgraniet en die Leasegraniet hel suidweswaarts teen ongeveer vyftien grade, terwyl die kontak tussen die Bobbejaankopgraniet en die Nebograniet vertikaal tot steil na die noordooste hel (Fig. 2.3). In die suidweste word die Bobbejaankopgraniet begrens deur die Suite Rashoopgranofier (Fig. 2.2), en word gekenmerk deur sy growwe tekstuur en dieprooi kleur, met hoofminerale kwarts, veldspaat en biotiet. Die veldspaat bestaan uit 'n pertitiese vergroeiing van ortoklaas en albiet en die biotiet bou geredelik af om chloriet en hematiet te vorm.

### 2.2.2 DIE LEASEGRANIET

Die Leasegraniet vorm klein are. gange en plate intrusief in die Bobbejaankopgraniet, maar vorm oorwegend lensagtige, plaatagtige liggame tussen die Bobbejaankopgraniet en die Suite Rashoopgrano= fier (Fig. 2.2). Die korrelgrootte wissel van fyn- tot medium= korrelrig. Oor die algemeen is die graniet rooi van kleur en die hoofminerale is kwarts, veldspaat, met ondergeskikte biotiet en sekondêre chloriet. Die mineralogie en petrografie van die Leasegraniet word onder subhoof 4.2.2 in groter detail beskryf.



GEOLOGIESE LEGENDE




Fig 2.3 Profiel deur die gesteentetipes op Zaaiplaats 223 KR, volgens C.A. Strauss, 1954

### 2.2.3 DIE PEGMATIET

'n Pegmatietsone kom voor al langs die kontak tussen die Suite Rashoopgranofier en die Leasegraniet. Die pegmatiet en Leasegraniet is deurgaans met mekaar geassosieer (Fig. 2.2). Verder bestaan die pegmatietsone uit lensvormige, plat pegmatietliggame wat lateraal nie-aaneenlopend is. Dit kom voor as 'n sone bestaande uit 'n opeenvolging van pegmatietare van 'n paar sentimeter tot ongeveer tien meter dikte, die een bokant die ander gerangskik, met etlike meter Leasegraniet tussenin. Die individuele pegmatietliggame bestaan uit afwisselende kwarts- en veldspaatsones. Die veldspaat bestaan uit ortoklaas en albiet wat pertities vergroei is.

### 2.2.4 SUITE RASHOOPGRANOFIER

In die Zaaiplaatsgebied kom die Suite Rashoopgranofier voor tussen die gesteentes van die Groep Rooiberg en die granitiese gesteentes van die Suite Lebowagraniet en tussen die boonste sedimente van die Groep Pretoria en die Suite Lebowagraniet (Fig. 2.1). Die oorgang tussen die granofier en die granitiese gesteentes is soms baie skerp en soms baie geleidelik. Die granofier het 'n rooi kleur met deurgaans 'n kenmerkende granofiriese tekstuur wat gevorm word deur kwarts en pertiet. Die pertiet bestaan uit 'n vergroeiing van ortoklaas en albiet.

### 3. KLASSIFIKASIE VAN DIE ERTSMINERALISASIES IN DIE BESTUDEERDE GEBIEDE

#### 3.1 INLEIDING

In die klassifikasie van die ertsliggame wat in die huidige studie bestudeer is, is gebruik gemaak van die klassifikasiesisteen vir tinafsettings in die Bosveldkompleks, soos deur Crocker en Callaghan (1979) voorgestel (Tabel 3.1). Hiervolgens kan die bestudeerde ertsliggame geklassifiseer word as epigenetiese, metasomatiese afsettings. Die klassifikasiesisteen is gegrond op die hipotese dat die tinmineralisasie die gevolg is van fraksionele kristallasie van die Suite Lebowagraniet met gepaardgaande deuteriese verandering van die plutoon (Crocker, 1979), Crocker (ter perse).

As gevolg van verskillende vlakke van inplasing kan drie bepaalde style van mineralisasie waargeneem word, naamlik endogranitiese mineralisasie by Zaaiplaats, teleskopiese mineralisasie by die Groenvley-Appingendamgebied, en eksogranitiese mineralisasie by Welgevonden en Welgelegen (Crocker, 1979).

Die kassiterietmineralisasie in die Zaaiplaatsgebied is beperk tot sekere sones in die Bobbejaankop- en Leasegraniet. Drie tipes mineralisasie is veral kenmerkend, naamlik pypafsettings, lensvormige afsettings en gedissemineerde mineralisasie. In die huidige studie is slegs twee pypvormige ertsliggame in die Leasegraniet bestudeer. Pypvormige ertsliggame kom in die Leasegraniet sowel as in die Bobbejaankopgraniet voor.

Omdat die huidige studie beperk is tot pypvormige ertsliggame, word slegs 'n kort opsomming gegee van die algemene vorm, voorkoms, mineralogie en struktuur van pypvormige liggame, na aanleiding van detail navorsing gedoen deur Kynaston en Mellor (1909), Mellor (1909), Söhnge (1944) en Strauss (1954) op die verskillende tipes van ertsmineralisasie in die Zaaiplaatsgebied.

TABEL 3.1

KLASSIFIKASIE VAN DIE TINMINERALISASIE IN DIE ZAAIPLAATSGEBIED, VOLGENS CROCKER EN CALLAGHAN (1979)

Klassifikasie	Lokaleiteit en kaart= verwysing 1:50 000	Tipe afsetting	Moedergesteente/ newegesteente	Algemeen
<b>A. <u>Endogranitiese Mineralisasie</u></b>				
<b>A.1 <u>Epigenetiese Mineralisasie</u></b>				
<b>A.1.1 <u>Gedissemineerde afsettings</u></b>	Zaaiplaats 223 KR Roodepoort 222 KR Groenfontein 227 KR (Söhngte 1944, Strauss 1954)	Gedissemineerde lae- graadse kassiteriet as na- magmatiese bykom- stige minerale	Mineralisasie in Leasegraniet en Bobbejaankopgra- niet	Intense verandering van die moedergesteente (Leasegraniet). Chloritiasie serisitiasie (greiseniasie en/of hematiasie). Feitlik geen verandering van die moedergesteente (Bobbe- jaankopgraniet) nie
<b>A.1.2 <u>Metasomatiese afsettings</u></b>	Zaaiplaats 223 KR Roodepoort 22 KR Groenfontein 227 KR (Söhngte, 1944) Appingendam 805 LR Groenvley 224 KR (Strauss, 1954) Salomon's Temple 230 KR Groenvley 224 KR Sterkwater 229 KR	(i) Pypvormige ertaliggame  (ii) Tregtervormige ertaliggame	Mineralisasie in Lease- en Bobbejaan- kopgraniet  Mineralisasie in Leasegraniet	Die pypvormige liggame gaan opwaarts oor in lens- vormige liggame in die Lease- graniet net onderkant die Leasepegmatiet
<b>A.1.3 <u>Spleet-, ser- en vervangingsaf- settings</u></b>	Appingendam 805 LR Groenvley 224 KR Welgelegen 246 KR Welgevonden 232 KR (Kynaston en Mellor, 1909) Klipplaatdrif 787 LR	Spleetafsettings Aarafsettings Vervangingsafsettings	Breukaones in granitiese gesteentes	Die afsettings het as vervangings van die granitiese gesteentes of as are in die splete van goed gevormde breukaones gevorm.
<b>B. <u>Eksogranitiese Mineralisasie</u></b>				
<b>B.1 <u>Afsettings in Bosveldgranofier</u></b>	Zaaiplaats 223 KR	Gedissemineerde kassiteriet in sone van intense skuif- skeuring	Mineralisasie in skuifskoursone in granofiriese dakgesteente	Gedissemineerde kassiteriet in veranderde geserisi- seerde grondmassa in sone van intense skuifskewing met Na-Karoo gang wat oor die sone sny.
<b>B.2 <u>Afsettings in die Rooiberg Groep</u></b>	Verdoornadraai 803 LR Appingendam 805 LR Groenvley 224 KR Salomon's Temple 230 KR Grootrivier 251 KR Welgevonden 232 KR Waternival 250 KR Welgelegen 246 KR Kromdraai 245 KR	Kassiterietmineralisasie in breuke	Mineralisasie in breuke in felsiet	Breuke in felsiet (dak van die granitiese gesteentes) dien as toevoerkanele vir ontspannende ertsvloeiing uit Bosveldgraniet.



### 3.2 ENDOGRANITIESE, EPIGENETIESE METASOMATIESE PYPAFSETTINGS

Alhoewel die meeste kassiterietdraende pype 'n noordwestelike strekkingsrigting het, kan die pype in enige rigting georiënteer wees. 'n Kenmerk van die pype is om as groepe voor te kom om sodoende bepaalde pypstelsels te vorm. Die pype is lang, min of meer silindriese liggame. Hulle stande varieer tussen vertikaal en horisontaal. Die pype vertak en loop inmekaar, vertoon swelsels en vernouings, styg en daal, en krul en draai in enige moontlike rigting.

In die pype is daar heel dikwels groot pypvormige kristalholtes. Aan die onder- of bokant van sommige pype kom daar soms ook groot bolvormige aanhangsels, genoem ertskuile, voor. Die ertskuil is gewoonlik baie groter as die pyp self. Die pype is oor die algemeen sonêr gebou. Die buitenste sone bestaan uit kwarts en toermalyn (luxullianiet) - die sogenaamde toermalynring. 'n Ring van growwe, helderrooi veldspaat kom binne die luxullianietring voor en word gevolg deur 'n kern bestaande uit geserisitiseerde veldspaat en chloriet. Verder is die kern deurspek met kassiterietkristalle. Die pype is egter ook dikwels ongemineraliseerd. In detail beskou, bestaan die toermalynring uit 'n dun buitenste ring van kwarts wat 'n skerp kontak het met swart toermalyn en 'n binneste gedeelte van toermalyn wat vergroei is met kwarts. Waar die toermalynring ontbreek, kom die kwartsring ook nie voor nie. Die kassiterietgehalte van die pype varieer aansienlik langs hul lengte en maak dit moeilik om die ertsgehalte van die pype te skat.

Die mate van verandering in die aangrensende graniet varieer van pyp tot pyp en langs die strekking van elke pyp. Gewoonlik is die graniet slegs effens geserisitiseer en gechloritiseer. Rondom baie pype is daar 'n onreëlmatige ring van helderrooi graniet. Buitekant die helderrooi ring is die graniet in wisselende mate geserisitiseer. Plek-plek is die geserisitiseerde graniet in regstreekse kontak met die buitenste ring van die pyp terwyl die sone van helderrooi graniet ontbreek.

#### **4. MINERALOGIESE EN GEOCHEMIESE VERSPREIDINGSPATRONE IN DIE WANDGESTEENTES OM DIE ERTSLIGGAME IN DIE BESTUDEERDE GEBIEDE**

##### **4.1 STUDIEGEBIED**

Die studie is beperk tot die wandgesteentes om pypvormige, tindraende ertsliggame in die Leasegraniet. Die geochemiese en mineralogiese verspreidingspatrone in die wandgesteentes om twee pype is ondersoek. Figuur 4.1 dui die gebiede waar die studie uitgevoer is op die ondergrondse plan van die Zaaiplaats Tinmyn aan.


Ten einde die mineralogiese en geochemiese verspreidingspatrone te ondersoek het die bestuurder van Zaaiplaats Tinmyn goedgeunstiglik ingewillig om ses ondergrondse gate te laat boor. Figuur 4.2 dui die posisies van die boorgate aan wat geboor is vanaf pyp A tot in die omliggende graniet. Die presiese koördinate word gegee in Tabel 4.1.

Pyp A het 'n strekking van 28 grade noord van wes met 'n helling van ongeveer 15 grade. Die deursnee van die pyp wissel tussen 4,5 en 1,5 meter en is vir 30 meter nagevolg, waarna dit uitsterf. Die ertsgraad van die ertsliggame word nie presies bepaal nie en wissel gewoonlik van baie hoog tot baie laag.

Nadat die eerste resultate vanaf studiegebied 1 belowend geblyk het, is besluit dat 'n volgende stel boorgate geboor sal word in studiegebied 2 om sekere vermoedens aangaande die verspreiding van bepaalde elemente te bevestig.


Daar is vervolgens besluit om die mineralogiese en geochemiese verspreidingspatrone om die Leasepyp te ondersoek. Hierdie pyp het 'n strekking van 5 grade noord van wes en 'n helling van 15 grade. Die deursnee daarvan wissel tussen 3,0 en 1,5 meter en kan vir 110 meter gevolg word.





ZAAIPLAATS TIN MINING COMPANY LTD.

PLAN OF UNDERGROUND WORKINGS  
AS AT 31-12-81



FIGUUR 4.1 ONDERGRONDSE PLAN VAN DIE ZAAIPLAATS TINMYN






Fig.4.2 Seksies deur pypvormige ertsliggaam A in Leasegraniet

TABEL 4.1 KOÖRDINATE VAN BOORGATE IN STUDIEGEBIED 1

BOORGATNOMMER	Y-KOÖRDINAAT (m)*	X-KOÖRDINAAT (m)*	HELLING (GRADE)
D1268	+ 761 + 733	+ 309 + 299	+15
D1270	+ 762 + 733	+ 310 + 318	0
D1271	+ 762 + 734	+ 310 + 321	+26
D1272	+ 763 + 752	+ 311 + 339	-16
D1273	+ 767 + 796	+ 310 + 316	-30
D1274	+ 767 + 796	+ 310 + 319	-1

\*Koördinate van begin- en eindpunte van die boorgate.  
 Koördinaatsisteem soos by Zaaiplaats Tinmyne in gebruik.

Vier gate is geboor in die granitiese wandgesteentes loodreg op die strekking van die Leasepyp. Boorgat K260 en K261 is onderskeidelik horisontaal suid en horisontaal noord geboor, terwyl boorgat K262 en K263 onderskeidelik opwaarts en afwaarts geboor is.

## 4.2 WANDGESTEENTEVERANDERING

### 4.2.1 INLEIDING

Wandgesteenteverandering sluit in daardie mineralogiese en chemiese veranderinge wat deur sirkulerende oplossings in die moedergesteente (waarin ertsliggame afgeset word), te weeg gebring word (Barnes, 1967). Bestudering van hierdie verandering mag bydra tot 'n beter evaluering van prosesse van ertsafsettings, op onder andere drie maniere (Meyer en Hemley, 1967), naamlik

- (1) deur skatting van die fisiese en chemiese omgewings waaronder spesifieke ertsafsettings plaasvind,
- (2) deur herkenning van die verandering in ertsafsettingsprosesse oor verskillende tydperiodes op verskillende plekke, en
- (3) deur bestudering van die verandering wat plaasvind in 'n ertsdraende vloeistof soos dit deur die sisteem migreer.

Twee belangrike punte waarop volgens Park en MacDiarmid (1970), onder andere gelet moet word, is die volgende

- (1) 'n Begrip van wandgesteenteverandering is veral van hulp in die interpretasie van ertsafsettings, indien dit bo alle twyfel seker is dat dit ontstaan het op die plek van en tydens ertsafsetting, met ander woorde indien die twee prosesse ruimtelik en tydgebonde is aan mekaar.
- (2) Dit is 'n bekende feit dat wandgesteenteverandering voor ertsafsetting kan plaasvind, waardeur die pad voorberei word en

die gesteente meer deurlatend gemaak word vir die latere ertsvloei-stowwe. Hieruit is dit dus duidelik dat afleidings wat vanaf wandgesteente-verandering gemaak word, nie noodwendig van toepassing sal wees op die geassosieerde ertsafsetting self nie.

#### 4.2.1.1 TIPES WANDGESTEENTE-VERANDERINGS

Indien die wandgesteente onstabiel is in die teenwoordigheid van vroeë voorbereidende hidrotermale of ertsdraende vloei-stowwe, sal hulle fisiese en chemiese veranderinge ondergaan om ewewig te bereik onder die nuwe heersende toestande (Park en MacDiarmid, 1975).

Sekere groepe van veranderingsminerale kan vorm onder toestande van termodinamiese ewewig. Indien verskillende ewewigsassosiasies herken kan word in gesoneerde isochemiese sisteme, sou hulle van groot hulp wees in die beraming van die druk- en temperatuurtoestande tydens verandering (Creasey, 1966; Burnham, 1962).

Verskillende soorte ertsafsettings word getipeer deur bepaalde veranderingsminerale of groepe veranderingsminerale en verskillende grade van verandering.

Mineralisasie in afkoelende granietplutone kan varieer van vlakliggend tot redelik diep inplasing met betrekking tot die daksone. As gevolg van hul diepte van voorkoms is die wandgesteentes om diepliggende ertse dus relatief ondeurdringbaar en redelik warm. Daarom, behalwe as daar 'n sterk chemiese kontras tussen die warm indringende ertsvloei-stowwe en die wandgesteentes is, behoort die veranderingone smal en onopvallend te wees. Omgekeerd sal warm vloei-stowwe wat koue, vlakliggende deurlatende gesteentes indring, prominente veranderinge=halos veroorsaak, omdat die wandgesteentes so ver uit ewewig met die warm vloei-stowwe is (Park en MacDiarmid, 1970). In sulke gevalle is veranderinge=produkte dus volop, en kan baie bruikbaar wees as gidse tot ertsafsettings van intermediêre en vlak dieptes.

Serisiet is die mees behoudende en volop veranderingsmineraal in mesotermale afsettings. Karbonate, veral kalsiet en dolomiet, is ook algemeen. Kwarts is gewoonlik teenwoordig en op baie plekke in oorvloed. Kaoliniet is 'n ander algemene veranderingsprodukt van hierdie tipe afsettings.

Seker een van die volopste minerale in die wandgesteentes rondom epitermale afsettings is chloriet. Serisiet is ook algemeen, maar in kleiner hoeveelhede as in mesotermale afsettings. Kleivorming kan ook veral wyd voorkom.

#### 4.2.2 MINERALOGIE, LITOLOGIE EN PETROGRAFIE VAN DIE WANDGESTEENTES

##### 4.2.2.1 VARIASIE IN SAMESTELLING, KLEUR EN TEKSTUUR VAN DIE WANDGESTEENTES

Die wandgesteentes in die onmiddellike omgewing van die pyp in studiegebied 1 vertoon 'n duidelik herkenbare veranderingsone, terwyl daar in studiegebied 2 nie so 'n veranderingsone rondom die pyp waargeneem is nie. Weg van ertsliggaam A word 'n geleidelike afname in die graad van verandering van die wandgesteentes opgemerk tot 'n onveranderde graniet.

Die mees opsigtelike eienskap van verandering van die graniet is die kleur. In die veranderde sone naby die ertsliggaam (0-15 m) is die kleur van die graniet grys-groen. Soos wegbeweeg word vanaf die ertsliggaam (15-25 m) verander die kleur vanaf grys-groen na meer pienk, terwyl die kleur van die graniet weg vanaf die ertsliggaam (25-40 m) omtrent heeltemal pienk is met net 'n effense grys skynsel.

Op die grond van bogenoemde kleurverandering en sekondêre verandering van sekere minerale wat waargeneem is vanaf die veranderde graniet tot onveranderde graniet, is die wandgesteente om die ertsliggaam in drie sones verdeel, naamlik 'n sone van



veranderde graniet naby die ertsliggaam (0-15 m), 'n oorgangstone (15-25 m) en onveranderde graniet (> 25 m).

#### 4.2.2.1.1 SONE VAN VERANDERDE GRANIEL

Die gesteente in hierdie sone is fyn- tot middelkorrelrig en leukokraties van aard. Dit bestaan hoofsaaklik uit kwarts, K-veldspaat en Na-ryke plagioklaas met fluoriet en kalsiet as ondergeskikte minerale. Muskoviet en ertsminerale is bykomstig, terwyl serisiet, kaolinit en chloriet as sekondêre produkte voorkom. Alhoewel die materiaal naby die ertsliggaam heeltemal grysgroen vertoon in handmonster, en met die eerste oogopslag die indruk skep dat intense verandering van die graniet plaasgevind het, is dit 'n foutiewe indruk. Wanneer die gesteente mikroskopies ondersoek word, word dit duidelik dat daar wel sekondêre verandering van veral die veldspate plaasgevind het, maar die proses van verandering is slegs in 'n beginstadium.

##### Kwarts

Kwarts kom as euhedrale kristalle in kontak met fluoriet voor wat tussenkorrelruimtes vul (Fig. 4.3). Verder vorm dit ook anhedrale kristalle saam met pertiet om 'n granofiriese vergroeing te vorm (Fig. 4.4). Hierdie granofiriese tekstuur is heeltemal oorheersend in die gesteente, alhoewel dit in hierdie sone fyner is as in die sone van onveranderde graniet.

##### K-Veldspaat

X-Straaldiffraksiëpatrone bevestig dat die K-veldspaat mikroklien is. Dit vorm 'n pertitiese vergroeing ("patch perthite") met albiet (Fig. 4.5) en beide kom saam met kwarts voor om 'n granofiriese tekstuur te vorm.

##### Na-ryke Plagioklaas

Mikroskopiese studie, gerugsteun deur X-straaldiffraksiëpatrone

dui daarop dat Na-plagioklaas 'n samestelling tussen albiet en oligoklaas het. Uit Figuur 4.5 kan duidelik gesien word hoedat Na-plagioklaas en K-veldspaat pertities vergroei is.

### Muskoviet

Dit is nie duidelik of die muskovietkristalle wat in hierdie sone voorkom van primêre oorsprong is, en of hulle gevorm het na die sekondêre verandering van onder andere K-veldspaat nie.

### Sekondêre minerale

In 'n poging om die fynkorrelrige sekondêre minerale te identifiseer is van X-straaldiffraksiepatrone gebruik gemaak. Daarna is die afbouprodukte in en teenaan die moederminerale met behulp van 'n skandeer-elektronmikroskoop wat met 'n energiedispersiewe sisteem toegerus is, bepaal deur sekere groepe elementpieke saam te groepeer en daaruit te probeer aflei watter sekondêre minerale dit verteenwoordig.

Op bogenoemde wyses is vasgestel dat die wandgesteenteverandering hoofsaaklik serisitisasie van K-veldspate en Na-plagioklaas is (Fig. 4.6). In al die slypplaatjies wat mikroskopies bestudeer is, is slegs enkele biotietkorrels opgemerk. Hierdie biotietkorrels is in 'n gevorderde stadium van verandering. Die produkte bestaan in wese uit K, Al en Si en daaruit word afgelei dat serisiet die sekondêre mineraal is wat gevorm het.

X-straaldiffraksiepatrone dui ook op baie klein chlorietpieke maar die chloritisasie kon nie aan enige bepaalde mineraal of minerale gekoppel word nie en daar word vermoed dat dit moontlik kon gevorm het nadat laatfase vloeistowwe, wat ryker aan onder andere yster en magnesium was, deur die sone beweeg het. Dit word ook vermoed dat baie geringe kaolinitisasie van moontlik die veranderde K-veldspaat plaasgevind het, omdat diffraksiepatrone op moontlike kaolinitpieke dui. Hierdie vermoede kon egter nie bevestig word nie.

Die ooglopendste sekondêre verandering wat dus in hierdie sone voorkom is die serisitasie van die veldspaatminerale. In vergelyking met die ander twee sones, het die veldspate in hierdie sone meer verandering ondergaan en gevolglik kom meer serisiet in hierdie sone voor as verder weg van die pyp.

#### 4.2.2.1.2 OORGANGSONE

Die mees opmerklieke kenmerk van hierdie sone is dat die tipiese grysgroen kleur van die sone naaste aan die ertsliggaam geleidelik 'n meer pienkerigheid vertoon soos van die pyp wegbeweeg word. Wat die primêre en sekondêre minerale betref is hul voorkoms en vorm baie soorgelyk aan die in die sone nader aan die ertsliggaam. Al wat verskil is dat die serisitasie van die veldspate verminder. Die granofiriese tekstuur is steeds baie prominent, maar dit lyk asof die tekstuur minder fyn is as in eersgenoemde sone.

#### 4.2.2.1.3 ONVERANDERDE GRANIET

Die onveranderde graniet vertoon 'n oorwegende pienk kleur met slegs 'n geringe grys skynsel. Die graniet is fyn- tot middelkorrelrig en bestaan hoofsaaklik uit kwarts, mikroklien en Na-plagioklaas (albiet-oligoklaas). Bykomstige minerale is muskovieet, fluoriet en ertsminerale wat tussenkorrelruimtes vul, terwyl serisiet slegs op enkele plekke as 'n veranderingsproduk voorkom.

Die mikroklien, albiet en kwarts kom hoofsaaklik as anhedrale kristalle voor, maar soms besit sekere kwartskristalle tog 'n euhedrale tot subhedrale kristalvorm. Die veldspaat kom rooierig in handmonster voor, terwyl dit bruin en wolkerig onder ongekruides nicols vertoon as gevolg van fyn insluitels ysteroksiede en die intieme vergroeiing van mikroklien en albiet.

Granofiriese vergroeiing oorheers in die gesteente, en die tekstuur vertoon growwer as in die sones nader aan die ertsliggaam

(Fig. 4.4 en Fig. 4.7). Plek-plek bevat dit kerne van pertiet (Fig. 4.8) of kwartskerne (Fig. 4.9), waarom hierdie tekstuur gegroei het.


Uit bogenoemde blyk dit dus dat, alhoewel daar kleiner, subtiële teksturele verskille is tussen die sones, is kleur die enigste opvallende verskil. Hierdie kleurverskil word veroorsaak deurdat die veldspate naby die ertsliggaam meer geresitiseer is as die verder weg. In Figuur 4.10, wat 'n snit is loodreg op die duik van ertsliggaam A, word 'n skematiese voorstelling gegee van die vorm en omvang van die kleur- en wandgesteenteverandering in die omgewing van die ertsliggaam.

Soos alreeds vermeld, kon daar nie 'n veranderingssone om die pypvormige ertsliggaam in studiegebied 2 waargeneem word nie. Die graniet is grootliks onverander en slegs baie geringe resitiasie van die veldspate kon soms waargeneem word. Daar kon ook geen reëlmatige kleurverandering weg vanaf die ertsliggaam waargeneem word nie.


#### 4.2.3 INTERPRETASIE VAN WANDGESTEENTEVERANDERING IN DIE BESTUDEERDE GEBIEDE

##### 4.2.3.1 RUIMTELIKE EN TYDELIKE ASSOSIASIE TUSSEN DIE WANDGESTEENTEVERANDERING EN DIE ERTSMINERALISASIE

Wat die wandgesteenteverandering wat in studiegebied 1 aangetref word, betref, kan daar nie sonder twyfel gesê word dat die proses en ertsafsetting gelyktydig plaasgevind het nie. Wanneer gekyk word na die vorm en omvang van die wandgesteenteverandering en die vorm en omvang van die halos, wat deur verskillende spoorelemente afgedruk is op die wandgesteentes in 'n vlak loodreg op die as van die pyp, wil dit voorkom asof hulle nie oorvleuel nie (vergelyk Fig. 4.10 met Fig. 4.18 tot 4.25). Op sommige plekke kom anomale hoë konsentrasie van sekere spoorelemente en wandgesteenteverandering saam voor, terwyl die twee verskynsels op ander plekke




Figuur 4.3 Euhedrale kristal van kwarts (q) in kontak met fluoriet (fl) in Leasegraniet. J.H.S.1. Deurgelate lig, gekruisde nicols met rooi-I hulpplaatjie. x 35.




Figuur 4.4 Granofiriese vergroeiing van kwarts (q) en veldspaat (vt) in Leasegraniet. J.H.S.1. Deurgelate lig, gekruisde nicols met rooi-I hulpplaatjie. x 35.







Figuur 4.5 Perthitiese vergroeiing van K-veldspaat (kv) en Na-plagioklaas (pl) in Leasegraniet. J.H.S.1. Deur= gelate lig, gekruisde nicols met rooi-I hulpplaatjie. x 40.



Figuur 4.6 Serisitisasie (ss) van K-veldspaat (kv) en Na-plagioklaas (pl) in Leasegraniet. J.H.S.1. Deurgelate lig, gekruisde nicols met rooi-I hulpplaatjie. x 40.




Figuur 4.7 Granofiriese vergroeiing van kwarts (q) en veldspaat (vt) in Leasegraniet. J.H.S.24. Deurgelate lig, gekruisde nicols met rooi-I hulpplaatjie. x 35



Figuur 4.8 Granofiriese vergroeiing met 'n pertietkern in Leasegraniet. J.H.S.16. Deurgelate lig, gekruisde nicols met rooi-I hulpplaatjie. x 35





Figuur 4.9 Granofiriese vergroeiing met 'n kwartskern in Lease= graniet. J.H.S.16. Deurgelate lig, gekruisde nicols met rooi-I hulplaatjie. x 35.






FIG.4.10 SEKONDÊRE VERANDERING VAN DIE WANDGESTEENTES OM ERTSLIGGAAM A IN STUDIEGEBIED I

om die pyp nie geassosieer is nie. Dit is duidelik dat die twee prosesse ruimtelik geassosieer is, maar of hulle op dieselfde tydstip plaasgevind het, is te betwyfel.

Wat studiegebied 2 betref kon daar geen duidelike mineralogiese veranderinge in die wandgesteente om die Leasepyp waargeneem word nie.

#### 4.2.3.2 FISIOCHEMIESE TOESTANDE TYDENS WANDGESTEENTEVERANDERING

Indien gelet word op bepaalde veranderingsminerale en die grootte van die wandgesteentehalos om die bestudeerde gebiede, wil dit lyk asof studiegebied 2 relatief dieperliggend was as studiegebied 1, tydens wandgesteenteverandering of dat verskille in samestelling en of temperatuur tussen die ertsvormende vloeistowwe en die wandgesteentes in geval van studiegebied 1 meer was as in geval van studiegebied 2. Hierdie afleiding word gemaak op grond van die feit dat daar omtrent geen wandgesteenteverandering om die Leasepyp waargeneem kon word nie, terwyl die wandgesteenteverandering om pyp A baie duidelik en uitgebrei is.

Verder is die veranderingsminerale (naamlik serisiet en chloriet) in studiegebied 1, tipies van meso- tot epitermale omgewings, terwyl slegs die geringe serisitisasie in studiegebied 2 op 'n meer hipotermale omgewing dui.

#### 4.3 HOOFELEMENTVERSPREIDINGSPATRONE OM DIE ERTSLIGGAME IN DIE BESTUDEERDE GEBIEDE

In studiegebied 1 reflekteer die verspreidingspatrone van sommige van die hoofelemente soos byvoorbeeld natrium en kalium die wandgesteenteverandering wat die Leasegraniet ondergaan het, terwyl die verspreidingspatrone van ander hoofelemente soos byvoorbeeld yster en kalsium die byvoeging van hierdie elemente tot die Leasegraniet vanaf die ertsvloeistowwe wat daardeur migreer het, weer=spieël.

Soos alreeds bespreek onder subhoof 4.2.2 is die duidelikste wandgesteenteverandering wat plaasgevind het, die serisitisasie van die veldspate. Uit Figure 9.10 en 9.11 van Aanhangsel 2 blyk dit dat  $\text{SiO}_2$  en  $\text{Al}_2\text{O}_3$  baie konstant vertoon, terwyl daar 'n effense afname in  $\text{Na}_2\text{O}$  en  $\text{K}_2\text{O}$  is, wanneer die ertsliggaam genader word (Fig. 9.14 en 9.15 - Aanhangsel 2). Hierdie verskynsel kan toegeskryf word aan die serisitisasieproses wat toeneem nader aan die ertsliggaam. Tydens die proses van wandgesteenteverandering is die veldspate dus chemies aangeval en serisitisasie het plaasgevind terwyl van die kalium- en natriumione in oplossing gegaan het en weggevoer is. Die feit dat yster, magnesium en kalsium 'n toename vertoon in die omgewing van die ertsliggaam (Fig. 9.12, 9.13 en 9.18 - Aanhangsel 2) is baie moontlik toe te skryf aan die byvoeging van hierdie elemente vanaf die ertsdraende vloeistowwe. Getuienis wat onder andere hierop dui is die voorkoms van yster in die ertsminerale arseenpiriet, chalkopiriet en piriet en kalsium in die ertsminerale fluoriet en kalsiet.

Uit subhoof 4.2.2 blyk dat daar nie 'n duidelik herkenbare wandgesteente veranderingone om die Leasepyp in studiegebied 2 waargeneem kon word nie. Dit word redelik duidelik deur die verspreidingspatrone van die hoofelementontledings grafiekteer, in die sin dat hulle redelik konstant vertoon in die omgewing van die ertsliggaam (Fig. 9.27 tot 9.34 - Aanhangsel 2). Geen anomale konsentrasies van enige van die hoofelemente, wat moontlik aanduiding van die nabygeleë tinmineralisasie kon gee, is waargeneem nie, selfs nie elemente soos Fe, Mg, Ca en F, wat wel in studiegebied 1 tog anomaal om ertsliggaam A vertoon het nie.

#### 4.4 PRIMÊRE GEOCHEMIESE HALO VAN DIE ERTSMINERALISASIE

##### 4.4.1 INLEIDING

Primêre geochemiese halos word gedefinieer as die geochemiese sones wat metaalafsettings of ertsliggame omring. So 'n halo vorm tydens of net na afsetting van die ertsliggaam en is verryk of

verarm aan verskeie chemiese elemente, as gevolg van die byvoeging, herverspreiding of wegvoering van hierdie elemente, gedurende die proses van ertsvorming (Beus en Grigorian, 1977). 'n Groot praktiese betekenis van halos, wat ontstaan as gevolg van die byvoeging van elemente (vanaf ertsdraende vloeistowwe), tot die wandgesteentes om ertsliggame, is dat hulle gewoonlik dieselfde samestelling besit as die elemente wat tipomorf van die ertsliggame is. Vanweë die potensiële praktiese voordeel wat sulke halos inhou, is daar in detail op hulle gekonsentreer om die primêre halos wat moontlik om die ertsliggame in die bestudeerde gebiede gevorm het, te verstaan.

Primêre geochemiese halos van verskillende elemente kon om ertsliggame A geïdentifiseer word, deur agtergrondwaardes vir hierdie elemente statisties te bepaal vanaf 'n gekose gebied wat nie deur mineralisasie beïnvloed is nie, en te vergelyk met die waardes verkry vir die elemente in die geminaliseerde gebied. In die geval van studiegebied 2 is primêre geochemiese halos van verskillende elemente om die Leasepyp geïdentifiseer deur agtergrondwaardes vir die elemente te skat. Daar is besluit om die agtergrondwaardes te skat omdat die ontledings in studiegebied 1 en 2 deur twee verskillende analitiese laboratoriums gedoen is, en dus nie direk vergelykbaar is nie. Daar is ook slegs 'n beperkte aantal monsters (96) in studiegebied 2 ontleed en dit sou nie korrek wees om van so 'n klein aantal monsterontledings statistiese bewerkings te doen nie.

In die grafiese voorstelling van die verspreidingspatrone van die verskillende elemente is gebruik gemaak van 'n vyfpunt-bewegende gemiddelde. Daar is hierop besluit om die soms erg wisselvallige verspreidings 'n meer gladde voorkoms te gee.

#### 4.4.2 PADVINDERELEMENTE

##### 4.4.2.1 INLEIDING

Sporelemente waarvan die verspreiding in verskillende tipes gesteentes gebruik kan word as 'n maatstaf in die opsporing van ertsafsettings, word padvinderelemente genoem. Die rol van padvinderelemente in geochemiese eksplorاسie word gewoonlik gevul deur die elemente wat normaalweg in die ertsdraende vloeistowwe teenwoordig is. Die elemente moet ook karakteristiek van die tipe erts wat vorm wees of in assosiasie daarmee voorkom. Die elemente wat ook in die erts self konsentreer as ertsminerale, word genoem direkte padvinderelemente van mineralisasie, terwyl die geassosieerde ondergeskikte elemente indirekte padvinderelemente genoem word (Beus en Grigorian, 1977).

#### 4.4.2.2 KEUSE EN BEPALING VAN PADVINDERELEMENTE

Die keuse van padvinderelemente vir geochemiese eksplorاسie is gebaseer op onder andere geochemiese, analitiese en ekonomiese oorwegings. Die beginsel van maksimum doeltreffendheid is die hooffaktor waarop die keuse berus (Beus en Grigorian, 1977).

Die volgende maatstawe word deur Graff en Kerr (1950) voorgestel vir 'n element om 'n goeie padvinderelement te wees:

(i) Die element wat gebruik word, moet mobiel genoeg wees, sodat sy abnormale hoë konsentrasie op groot afstande vanaf die afsetting waargeneem kan word.

(ii) Die padvinderelement moet gelyktydig met die ertsmetale afgeset gewees het.

(iii) Die padvinderelement-verbindinge moet verdunde sure kan weerstaan, sodat grondwater dit nie sekondêr sal verryk of verwyder nie.

(iv) Die kwantitatiewe analitiese metode wat gebruik word vir die bepaling van die padvinderelement moet vinnig en sensitief genoeg wees om 'n betroubare agtergrondwaarde te kan definieer.

Wanneer gekyk word na moontlike padvinderelemente, is dit noodsaaklik om vir 'n groot aantal elemente te ontleed omdat daar die moontlikheid kan bestaan dat binne die gebied wat bestudeer word, ertsafsettings van verskillende samestellings en multi-element halos (wat heelwat ertsafsettings vergesel), kon gevorm het.

Kvyatkovskii et al. (1972), het na 'n studie van padvinderelemente aangetoon dat ten minste een van die volgende hoofpadvinderelemente altyd in genoegsame hoeveelhede in ertse van bykans enige endogene afsetting teenwoordig is. Hierdie padvinderelemente is: berillium, nikkel, fluoor, swael, vanadium, chroom, koper, arseen, molibdeen, tin, kwik, lood en uraan.

#### 4.4.3 STATISTIESE VERWERKING VAN GEOCHEMIESE DATA

##### 4.4.3.1 INLEIDING

In die bepaling van primêre halos om ertsliggaam A in studiegebied 1 is daar gebruik gemaak van waarskynlikheidsgrafieke om statisties te onderskei tussen anomale elementwaardes en agtergrond elementwaardes. Die halos om die Leasepyp (studiegebied 2) is bepaal deur drumpelwaardes vir die verskillende padvinderelemente te skat.

Anomale waardes hou gewoonlik verband met gemineraliseerde gesteentes. In die huidige studie hou die anomale waardes om die ertsliggame direk verband met die primêre halos wat om hulle gevorm het. Die Leasegraniet as sulks is alreeds 'n potensiële ertsdraer, maar die pypvormige ertsliggame en hul primêre halos wat endogranities daarin voorkom, is anomaal ten opsigte van die normale agtergrondmineralisasie.

##### 4.4.3.2 BEPALING VAN DRUMPELWAARDES VIR GEOCHEMIESE DATA MET BEHULP VAN WAARSKYNNLIKHEIDSGRAFIEKE

Drumpelwaarde is 'n term wat algemeen gebruik word in geochemiese

eksplorاسie om te onderskei tussen anomale hoë waardes en agtergrondwaardes. In die huidige studie kon drumpelwaardes vir verskillende padvinderelemente om ertslyggaam A met behulp van waarskynlikheidsgrafieke bepaal word.

Van die eerste persone wat van waarskynlikheidsgrafieke gebruik gemaak het in die visuele voorstelling van geochemiese data was Tennant en White (1959). Williams (1967) en Lepeltier (1969) het ook aangetoon hoe sulke grafieke gebruik kan word vir 'n groot hoeveelheid data, terwyl Woodsworth (1972) van waarskynlikheidsgrafieke gebruik gemaak het in die interpretasie van ongeveer tweeduisend stroomsedimente.

Sinclair (1974) bied 'n duidelik beskrywende metode aan waarvolgens drumpelwaardes vir geochemiese data met behulp van waarskynlikheidsgrafieke bepaal kan word. Waarskynlikheidsgrafieke kan ten eerste slegs gebruik word indien die data normaal- of lognormaalverspreidings vertoon. Tweedens vereis konstruksie van so 'n grafiek normaalweg 'n minimum van 100 waardes en derdens moet verstrooiing van data op 'n waarskynlikheidsgrafiek tot 'n minimum beperk wees om ontleding met vertroue te verseker.

Wat die geochemiese data in studiegebied 1 betref, kan met 'n redelike mate van vertroue gesê word dat aan al drie bogenoemde aannames of vereistes voldoen is. In alle gevalle vertoon die datastelle van individuele tinpopulasies by benadering normaalverspreidings, ongeveer vierhonderd ontledings vir elke individuele element is gedoen en die verspreiding van elke groep datapunte vertoon 'n minimum verstrooiing.

Die maklikste manier waarop Sinclair se metode verduidelik kan word, is om te verwys na 'n spesifieke voorbeeld. In hierdie geval word die verspreiding van die tinontledings in studiegebied 1 op 'n waarskynlikheidsgrafiek beskou met 'n beskrywing hoe 'n drumpelwaarde bepaal kan word (Fig. 4.11).

Die soliede lyn op Figuur. 4.11 dui die kumulatiewe verspreiding van die gemengde tinpopulasie aan. Die verspreiding vertoon

polimodaal en die proporsionele hoeveelhede van vier populasies word gegee deur infleksiepunte of veranderings in die rigting van die kromming van die gemengde tinpopulasie (aangedui deur pylpunte).

Uit Figuur 4.11 kan gesien word dat 50% van die gemengde tinpopulasie 'n konsentrasie van 1 d.p.m. of minder het, 60% 'n konsentrasie van 3 d.p.m. of minder, 70% 'n konsentrasie van 10 d.p.m. of minder, 80% 'n konsentrasie van 18 d.p.m. of minder, 90% 'n konsentrasie van 32 d.p.m. of minder en 100% 'n konsentrasie van ongeveer 100 000 d.p.m. of minder.

Soos alreeds genoem, verdeel infleksiepunte die gemengde tinpopulasie onder in kleiner normaalverspreidings. Hierdie normaalverspreidings word gekenmerk deurdat hulle uit reguit segmente bestaan. Elke segment bevat 'n sekere persentasie van die totale populasie. In die gemengde tinverspreiding is daar vier sulke segmente geïdentifiseer wat onderskeidelik 2,3%, 5,5%, 20% en 72,2% van die totale tinpopulasie bevat.

Die plotpunt van die gemengde tinpopulasie wat by 12 000 d.p.m. plot verteenwoordig 0,75% van die totale populasie. Dit verteenwoordig egter ook

$$\frac{0,75}{2,3}$$

$\times 100 = 32,6$  kumulatiewe persentasie van populasie A. 'n Reeks van kumulatiewe persentasies kan so vir populasie A uit segment A bepaal word en word gegee deur die gebroke reguit lyn op Figuur 4.11.

Op dieselfde wyse kan kumulatiewe persentasies bepaal word uit die ander segmente en populasies B, C en D kan daaruit gekonstrueer word.

#### 4.4.3.2.1 KEUSE VAN DRUMPELWAARDES

Figure 4.11 tot 4.17 gee grafiese voorstellings van die kumulatiewe persentasies vir tin, koper, tungsten, lood, sink, kobalt en nikkel op waarskynlikheidsgrafiekpapier.






Fig.4.11 Waarskynlikheidsgrafiek vir Sn

#### 4.4.3.2.1.1 DRUMPELWAARDE VIR Sn

Vir 'n drumpelwaarde van 60 d.p.m., met 'n arbitrêr gekose sekerheidsgraad van 98%, is dit moontlik om populasie A en B effektief te skei van populasie C en D. Bokant 60 d.p.m. is daar meer as 97% van populasie A, meer as 70% van populasie B, minder as 1% van populasie C en minder as 1% van populasie D. Populasie A en B word as anomale populasies beskou, terwyl populasie C en D beskou word as agtergrondpopulasies binne die Sn-gemineralseerde graniet.

#### 4.4.3.2.1.2 DRUMPELWAARDE VIR Cu

Uit die gemengde koperpopulasiekurwe kon drie infleksiepunte, naamlik by 3,3; 23,3 en 74,3 kumulatiewe persentasies vasgestel word (Fig. 4.12). Met behulp hiervan is vier individuele koperpopulasies bepaal, waarvan populasie A = 3,3%, populasie B = 20%, populasie C = 51% en populasie D = 26% van die totale populasie bevat.

Met 'n drumpelwaarde van 70 d.p.m. en 'n arbitrêr gekose sekerheidsgraad van 99,5%, kan populasie A, B en C effektief geskei word van populasie D. Bokant 70 d.p.m. is daar meer as 99,5% van populasie A, meer as 99% van populasie B, meer as 85% van populasie C en minder as 1% van populasie D. Populasies A, B en C word beskou as anomaal en populasie D as die agtergrondpopulasie.

#### 4.4.3.2.1.3 DRUMPELWAARDE VIR W

Vyf infleksiepunte, naamlik by 5; 14; 42; 72 en 92 kumulatiewe persentasie kon op die gemengde tungstenpopulasiekurwe bepaal word (Fig. 4.13). Vier individuele tungstenpopulasies is uit die enkele gemengde tungstenpopulasie bepaal, waarvan populasie A = 5%, populasie B = 9%, populasie C = 28%, populasie D = 30%, populasie E = 20% en populasie F = 8% van die totale populasie bevat.




Fig.4.12 Waarskynlikheidsgrafiek vir Cu




Fig.4.13 Waarskynlikheidsgrafiek vir W

Met 'n drumpelwaarde van 72 d.p.m. en 'n arbitrêr gekose sekereheidsgraad van 99,9%, kan populasie A, B en C effektief van populasie E en F geskei word. 'n Mate van oorvleueling bestaan tussen die hoër groep populasies en populasie D, maar die grootste gedeelte daarvan (70%) val saam met die laer populasies E en F. Bokant 72 d.p.m. is daar meer as 99,9% van populasie A, meer as 90% van populasie B, meer as 93% van populasie C, minder as 35% van populasie D, minder as 1% van populasie E en minder as 0,5% van populasie F. Met bogenoemde skeiding kan populasies A, B en C dan beskou word as die anormale populasies, terwyl populasies D, E en F die agtergrondpopulasies verteenwoordig.

#### 4.4.3.2.1.4 DRUMPELWAARDE VIR Pb

Uit die gemengde loodpopulasiekurwe kon drie infleksiepunte, naamlik by 4; 28 en 96 kumulatiewe persentasies bepaal word (Fig. 4.14). Met behulp hiervan is vier individuele loodpopulasies gedefinieer, waarvan populasie A = 4%, populasie B = 24%, populasie C = 68% en populasie D = 4% van die totale populasie bevat.

Met 'n drumpelwaarde van 60 d.p.m. en 'n arbitrêr gekose sekereheidsgraad van 99,5%, kan populasies A en B redelik effektief geskei word van populasie C en D met 'n mate van oorvleueling van populasie B met die laer populasies C en D. Bokant 60 d.p.m. is daar meer as 99,5% van populasie A, meer as 80% van populasie B, minder as 10% van populasie C en minder as 1% van populasie D. Populasies A en B word beskou as anormaal en populasies C en D as agtergrond.

#### 4.4.3.2.1.5 DRUMPELWAARDE VIR Zn

Twee infleksiepunte, naamlik by 34 en 91 persent kan uit die gemengde sinkpopulasiekurwe bepaal word (Fig. 4.15). Drie sinkpopulasies kon met behulp hiervan bepaal word, waarvan




Fig.4.14 Waarskynlikheidsgrafiek vir Pb




Fig.4.15 Waarskynlikheidsgrafiek vir Zn

populasie A = 30%, populasie B = 57% en populasie C = 9% van die totale populasie bevat.

'n Drumpelwaarde van 80 d.p.m. met 'n arbitrêr gekose sekerheidsgraad van 80%, gee 'n redelike goeie skeiding tussen populasie A en populasie B en C. Bokant 80 d.p.m. is daar meer as 80% van populasie A, minder as 10% van populasie B en minder as 1% van populasie C. Waardes bokant 80 d.p.m. word beskou as anomaal en daaronder as agtergrondwaardes.

#### 4.4.3.2.1.6 DRUMPELWAARDES VIR Ni EN Co

Meer as 85 persent van alle nikkelwaardes en meer as 95 persent van alle kobaltwaardes val onderkant die detekselimiet (10 d.p.m.) van die ontledingstegniek en gevolglik kan 'n betroubare drumpelwaarde nie bepaal word nie (Figure 4.16 en 4.17).

'n Drumpelwaarde van 10 d.p.m. is egter intuïtief vir beide nikkel en kobalt aanvaar en alle waardes daarbo is beskou as anomaal.

#### 4.4.4 MOONTLIKE PADVINDERELEMENTE

Nadat die verspreidingspatrone van alle elemente ontleed in studiegebied 1 en 2, bestudeer is, is die volgende elemente as moontlike padvinder-elemente vir ertsmineralisasie in die tindraende Leasegraniet gekies, naamlik Sn, Cu, W, As, Bi, Sb, Zn en Pb.

Die belangrikste elemente wat as moontlike padvinder-elemente gebruik kan word, is almal gekoppel aan spesifieke ertsminerale. Die ertsminerale is met behulp van optiese mikroskopie en 'n skandeer-elektronmikroskoop met 'n energiedispersiewe sisteem bepaal.

Tabel 8.1 tot 8.15 in Aanhangsel 1 gee die geochemiese data vir die verskillende bemonsterde intervale vir die verskillende boorgate. Figure 9.1 tot 9.41 in Aanhangsel 2 gee grafiese voor-






Fig.4.16 Waarskynlikheidsgrafiek vir Ni

CO KONSENTRASIE (DPM)




Fig4.17 Waarskynlikheidsgrafiek vir Co

stellings van die verspreidingspatrone van die verskillende moontlike padvinder-elemente waarvoor daar ontleed is.

#### 4.4.4.1 STUDIEGEBIED 1

(i) Sn - kassiteriet ( $\text{SnO}_2$ ) is die hoofdraer van tin en is ook die ertsmineraal waarvoor daar gemyn word. Soos duidelik gesien kan word uit Figuur 9.1 (Aanhangsel 2), neem die Sn-konsentrasie drasties af vanaf die ertsliggaam, sodat dit alreeds op 'n afstand van minder as twee meter vanaf die ertsliggaam in die wandgesteente, onderkant die detekselimiet (minder as 10 d.p.m.) van die X-straalfluoressensiespektrometer is. Dit blyk dus duidelik dat tin hier nie 'n goeie padvinder-element vir homself is nie.

(ii) Cu - chalkopiriet ( $\text{CuFeS}_2$ ) is die hoofdraer van koper. Uit Figuur 9.2 (Aanhangsel 2), blyk dit dat die koperwaardes vir afstande van tot dertien meter weg vanaf die ertsliggaam in die wandgesteente anomaal hoog vertoon. Vir alle rigtings geboor kon duidelik onderskei word tussen anemale hoë waardes om die ertsliggaam en agtergrondwaardes weg vanaf die ertsliggaam. Vanaf die gegewens sover bekend kan dus afgelei word dat koper as 'n goeie padvinder-element in die opsporing van die kassiterietertsliggaam mag vertoon.

(iii) W - scheeliet ( $\text{CaWO}_4$ ) is die tungsten ertsmineraal. Anomale tungstenwaardes kan tot agt meter vanaf die ertsliggaam in die wandgesteentes waargeneem word, (Fig. 9.3, Aanhangsel 2). Die sones is egter smaller as in die geval van koper. Duidelike groepe van anemale- en agtergrondwaardes kan onderskei word en tungsten behoort dus ook as 'n goeie padvinder-element te dien.

(iv) As - arseenpiriet ( $\text{AsFeS}$ ) is die ertsmineraal. Daar is gevind dat arseen 'n beperkte maar baie betekenisvolle halo vorm om die ertsliggaam en die vermoede is dat dit ook 'n baie goeie spoorertselement in die eksplorاسie van tin mag wees, (Fig. 9.4, Aanhangsel 2).

(v) Pb - galeniet (PbS) is die ertsmineraal. Die loodverspreiding vertoon baie soortgelyk aan die van sink en anomale hoë waardes wat met die ertsliggaam geassosieer is kan tot ses meter om die ertsliggaam in die wandgesteentes waargeneem word, (Fig. 9.5, Aanhangsel 2). Dit is egter duidelik dat die verspreiding van lood en sink meer wisselvallig is as koper en tungsten.

(vi) Zn - sfaleriet (ZnS) is die sink ertsmineraal. Die band van anomale hoë waardes van sink is smaller as in die geval van koper en tungsten, (Fig. 9.6, Aanhangsel 2). Die anomale en agtergrondwaardes is ook nie altyd duidelik onderskeibaar nie, maar duidelik herkenbare sones van anomale Zn-waardes, van tot ses meter, om die ertsliggaam in die wandgesteentes is waarneembaar.

(vii) Ni - In sommige van die boorgate is die Ni-waardes anomaal hoog tot ongeveer vier meter vanaf die ertsliggaam in die wandgesteentes. Meesal is dit egter baie meer beperk in voorkoms, (Fig. 9.7, Aanhangsel 2). Die agtergrondkonsentrasie van nikkell is baie laag (minder as 10 dpm) en die paar monsters wat anomaal hoog vertoon se nikkellwaardes was nooit meer as 50 dpm nie. Nikkell sal dus 'n redelike swak padvinder wees in die opsporing van die ertsliggame as gevolg van sy beperkte voorkoms en baie lae konsentrasie.

(viii) Co - Soos nikkell is die konsentrasie van kobalt ook geweldig laag met agtergrondwaardes van minder as 10 dpm en anomale waardes van nie meer as 30 dpm nie (Fig. 9.8, Aanhangsel 2). Die anomale hoë waardes is beperk tot 'n sone wat nie veel meer as 'n meter vanaf die ertsliggaam in die wandgesteentes uitwyk nie. As padvinderelement is kobalt dus ook swak as gevolg van sy beperkte verspreiding om die ertsliggaam en sy baie lae konsentrasie.

(ix) Mn - 'n Eienaardige verskynsel is waargeneem met die verspreidingspatroon vir mangaan om die ertsliggaam. Dit vorm 'n definitiewe halo om die besondere liggaam, maar waar die ander spoorertselemente, weg vanaf die spesifieke ertsliggaam, ooreen-

komstig varieer, wyk die verspreidingspatroon van mangaan daarvan af (Vergelyk Boorgat D1272 van Figuur 9.2, 9.3, 9.4, 9.5, 9.6 en 9.7 met Boorgat D1272 van Figuur 9.9). Dit is dus nie presies duidelik hoe en of mangaan met die mineralisasie gekoppel is nie.

(x) F, Ca, Fe en Mg - 'n Beperkte aantal ontledings is op fluoor, kalsium, yster en magnesium gedoen en slegs monsters van boorgat D1268 is gebruik. Vir al bogenoemde elemente is daar 'n positiewe korrelasie tussen hul verspreidingspatrone en die mineralisasie gevind, maar meer gegewens is nodig voordat definitiewe afleidings gemaak kan word (Figure 9.12, 9.13, 9.17 en 9.18, Aanhangsel 2).

Op Figure 9.1 tot 9.7 word 'n positiewe anomalie in boorgat D1272 op 'n afstand tussen 30 en 40 meter vanaf die ondersoekte ertsliggaam deur die ertspoorelemente Cu, W, As, Pb, Zn en Ni gedefinieer. Dit is heel waarskynlik dat die boorgat hier deur 'n halo van 'n nabygeleë pyp gegaan het. Tot op hede is hierdie moontlikheid egter nog nie opgevolg nie.

#### 4.4.4.2 STUDIEGEBIED 2

'n Belemmerde faktor in die interpretasie van moontlike halopatrone om die Leasepyp is die feit dat die beskikbare boorkernmateriaal hier nie die omgewingsgesteente so diep gepenetreer het as in studiegebied 1 nie, met die gevolg dat dit nie altyd moontlik is om met sekerheid te bepaal of waargenome anomalie aan die pyp gekoppel kan word nie en of fluktuasies aan ander faktore toe te skryf is nie.

Nieteenstaande nie, wil dit tog lyk asof die verspreidingspatrone van bepaalde ertspoorelemente in studiegebied 2 in vergelyking met die in studiegebied 1 soortgelyke neigings vertoon om in anomale groot hoeveelhede in die wandgesteentes om die ertsliggaam voor te kom. Die karakteristieke elemente in hierdie geval is ook Sn, Cu, W, As, Pb en Zn terwyl Bi en Sb, waarvoor daar nie in studiegebied 1 ontleed is nie, ook in anomale groot hoeveelhede om die liggaam voorkom. Anders as in die geval van studiegebied 1, vertoon halopatrone van bogenoemde padvinderelemente om die Leasepyp in

studiegebied 2 heelwat meer uitgebrei en anomale hoë waardes word heelwat verder vanaf die oorspronklike uitgemynde pyp waargeneem (vanaf 10 tot 30 m), (Fig. 9.20 tot 9.26, Aanslag 2). Nog 'n verskil wat duidelik uitstaan is dat tin self anomaal hoog vertoon tot op afstande van 20 m weg vanaf die Leasepyp (Fig. 9.19, Aanslag 2), terwyl die tinwaardes weg vanaf pyp A baie vinnig tot agtergrondwaardes gedaal het (minder as 3 m). In hierdie geval sou tin self ook 'n goeie padvinderelement in die opsporing van kassiterietmineralisasie wees.

#### 4.4.5 SONERING VAN PRIMÊRE HALOS

Volgens Beus en Grigorian (1977) kan verskillende tipes van sonering van primêre halos gedefinieer word, naamlik

##### 1. AKSIALE SONERING

Aksiale sonering word uitgedruk in terme van die bewegingsrigting van die ertsdraende vloeistof. Die tipe sonering word bepaal deur die samestelling van die ertsdraende vloeistof.

##### 2. TRANSVERSE SONERING

Transverse sonering is 'n refleksie van die halostruktuur loodreg oor die duik van die ertsliggaam. Hierdie tipe sonering hang hoofsaaklik af van die konsentrasie van die ertsspoorelemente, hul mobiliteit en hul agtergrondinhoud in die omliggende wandgesteentes.


Aksiale sonering is die belangrikste tipe sonering, beide uit 'n teoretiese sowel as 'n praktiese oogpunt. In die huidige studie is egter net gekonsentreer op transverse sonering van primêre halos.

Wanneer die soneringspatrone van die verskillende padvinderelemente in 'n transverse vlak A-B om ertsliggaam A in studiegebied 1 geplot word, kan duidelik gesien word dat die volgende elemente as indikers van die spesifieke tinmineralisasie kan dien, naamlik


koper, tungsten, arseen, lood, sink, nikkel en kobalt, (Figure 4.18 tot 4.24). Dit blyk ook dat tin hier nie 'n goeie padvinderelement is in die opsporing van die kassiterietmineralisasie nie (Fig. 4.25).

Wanneer 'n soortgelyke multi-element halo plot vir die ertsspoorelemente in studiegebied 2 om die Leasepyp gemaak word, (Fig. 4.26), blyk dit dat 'n soortgelyke halostruktuur om die ertsliggaam gevorm het. In hierdie geval wil dit voorkom asof die halos vir die verskillende elemente verder weg vanaf die pypdiggaam voorkom. 'n Moontlike rede hiervoor is dat tin self 'n halo om die pyp vorm en die ander elemente dus buite-om halos vorm. In die geval is tin dus self ook 'n padvinderelement in die opsporing van die kassiterietmineralisasie. Die blote feit dat die Leasepyp se transverse sonering in die wandgesteente tin insluit en aansienlik wyer is as by liggaam A. kan moontlik toegeskryf word aan aksiale sonering van die pyp wat sigself manifesteer in die vlak wat beskou word. Verder kan ook uit die figuur gesien word dat die soneringspatrone vir die verskillende elemente redelik baie ooreenstem.





**Fig4.18** Cu - ANOMALIE OM ERTSLIGGAAM A  
SEKSIE A-B



**Fig4.19** W - ANOMALIE OM ERTSLIGGAAM A  
SEKSIE A-B




Fig.4.20 Pb - ANOMALIE OM ERTSLIGGAAM A  
SEKSIE A-B




Fig.4.21 Zn - ANOMALIE OM ERTSLIGGAAM A  
SEKSIE A-B




Fig.4.22 Co - ANOMALIE OM ERTSLIGGAAM A  
SEKSIE A-B




Fig.4.23 Ni - ANOMALIE OM ERTSLIGGAAM A  
SEKSIE A -B




Fig.4.24 As - ANOMALIE OM ERTSLIGGAAM A  
SEKSIE A - B





Fig.4.25 Sn - ANOMALIE OM ERTSLIGGAAM A  
SEKSIE A - B




Fig.4.26 Skematiese voorstelling van die multi-element halo om die ertsliggaam in studiegebied - 2

## 5. 'N GEOCHEMIESE VERGELYKING TUSSEN SPOORELEMENTVERSPREIDING VAN GEMINERALISEERDE LEASEGRANIET EN ONGEMINERALISEERDE SUITE RASHOOPGRANOFIER

In die geochemiese ondersoek van die wandgesteentes van die erts=draende liggaam in studiegebied 1, het drie van die boorgate, naamlik boorgate D1268, D1270 en D1271 deur die Leasegraniet tot in die Suite Rashoopgranofier, (deur Strauss, 1954, as Hoofgraniet geklassifiseer), gestrek.

Dit is interessant om daarop te let dat by die kontak tussen die twee gesteentetipes daar opmerklige veranderings in die verspreidingspatrone van sekere spoorelemente bestaan, (Figure 9.35 tot 9.41. Aanhangsel 2), veral titaan, uraan, torium, niobium, yttrium, rubidium en strontium.

Titaan toon 'n drastiese toename van die gemineraliseerde graniet na die ongemineraliseerde granofier. (Fig. 9.41, Aanhangsel 2). Uraan, torium, niobium, yttrium en rubidium aan die anderkant, vertoon 'n afname in konsentrasie wanneer oor die kontak tussen die gemineraliseerde na die ongemineraliseerde granofier beweeg word (Figure 9.35, 9.37, 9.38, 9.39 en 9.40, Aanhangsel 2).

Net soos in die geval van titaan vertoon strontium ook 'n toename in konsentrasie vanaf die Leasegraniet na die Suite Rashoopgranofier (Fig. 9.36, Aanhangsel 2).

Bogenoemde is in ooreenstemming met die bevindinge van ander navorsers soos byvoorbeeld Fourie (1969), Lenthall (1972) en Lenthall en Hunter (1977, 1979), wat in die Zaaiplaatsgebied detail geochemiese studies op die felsiese fase van die Bosveldkompleks gedoen het.

Die gemiddelde konsentrasies vir bepaalde elemente in die Suite Rashoopgranofier, na aan die kontak met die Leasegraniet, en in die Leasegraniet, wat deur Fourie (1969) bepaal is, word in Tabel

5.1 weergegee. Hieruit kan dit duidelik gesien word dat die elemente verspreidingspatrone vertoon wat soortgelyk is as die wat in die huidige studie bepaal is.

Lenthall (1972) en Lenthall en Hunter (1977) onderskei tussen verskillende tipes Bosveldgranofiere. Die tipe wat in kontak met Leasegraniet en Bobbejaankopgraniet voorkom, word die Groenfonteingranofier genoem, na analogie van die tipegebied op die plaas Groenfontein in die Zaaiplaats Tingebied. Vergelyking van elementontledings van Leasegraniet en granofier soos deur Lenthall en Hunter, (1977) gegee, (Tabel 5.2) toon dieselfde neigings wat deur die analitiese gegewens van Fourie (1969) en die huidige studie, vasgestel is.

## **6. MOONTLIKE VERKLARINGS VIR DIE ERTSMINERALISASIE EN GEPAAARDGAANDE SONERINGSVERSKYNSELS IN DIE LEASEGRANIET**

Vanweë die noue assosiasie tussen tinvoorkomste en sekere granietliggame, word 'n genetiese verwantskap tussen die twee algemeen aanvaar. Hierdie genetiese verwantskap is onder andere deur Stemprok (1963, 1965) bevestig. Dit is egter ook bekend dat sommige graniete nie beduidende tinvoorkomste bevat nie.

Die vraag waarom sommige graniete met tin gemineraliseer is en ander nie, is deur heelwat navorsers ondersoek. 'n Moontlike antwoord lê daarin dat tindraende graniete gekristalliseer het van smeltsels wat bogemiddelde hoeveelhede tin en verwante elemente soos F, Cl, Li, B, Rb, ens. bevat (Barsukov, 1957; Hesp en Rigby, 1975). 'n Toename in tininhoud kan ook plaasvind deur

TABEL 5.1 GEOCHEMIESE ONTLEDINGS VIR Ti, Nb, Rb, Sr, Sn EN Th (FOURIE, 1969)

ELEMENT	SUITE RASHOOPGRANOFIER	LEASEGRANIET
Ti*	0,2	0
Nb	23	55
Rb	250	588
Sr	65	8
Sn	21	79
Th	21	51

\* Persentasie

TABEL 5.2 GEOCHEMIESE ONTLEDINGS VIR Ti, Rb EN Sr (LENTHALL EN HUNTER, 1977)

ELEMENT	SUITE RASHOOPGRANOFIER (GROENFONTEINGRANOFIER)	LEASEGRANIET
Ti*	1208.14	196
Rb*	246.14	485
Sr*	22.14	10

\* Dele per miljoen



middel van 'n proses van magmatiese differensiasie, waartydens konsentrasie van die meer-onversoenbare ioonkomplekse en ligte, vlugtige bestanddele in die residuele smeltseel konsentreer (Barsukov en Durasova, 1966).

'n Moontlike verklaring vir die plasing van die Bosveldgranitoïde in ruimte en tyd en die gepaardgaande tinmineralisasie word deur McCarthy en Hasty (1976), Groves en McCarthy (1978) en McCarthy en Fripp (1980) aangebied. Die Nebograniet (Hoofgraniet) en Bobbejaankopgraniet besit 'n besondere homogene hoofelementsamestelling (Fourie, 1969). Spoorlementverspreiding in die twee graniete verskil egter heelwat. McCarthy en Hasty (1976) interpreteer die spoorlementgegewens asof die Bobbejaankopgraniet vanaf dieselfde magma as die Nebograniet gevorm het, maar teen die einde van kristallisasie.

Vanaf gegewens oor die ruimtelike verspreiding van Ba in hierdie graniete lei McCarthy en Hasty (1976) af dat kristallisasie van die moedermagma van die dak en vloer begin het en na die middel voortgesit is. Water het toenemend gekonsentreer in die smeltseel en op 'n baie laat stadium van kristallisasie versadiging bereik en tot gevolg gehad dat 'n aparte gasfase afskei en onderkant die alreeds soliede dak konsentreer. Vanaf hierdie punt aan het kristallisasie slegs van die vloerkant plaasgevind (Bobbejaankopgraniet). Die heel laatfase smeltseel het verkilling ("quenching") ondergaan om die Leasegraniet te vorm en die gasfase het as die pegmatietplaat gekristalliseer (McCarthy en Hasty, 1976).

Volgens hierdie model het die granofiere (deel van die ou Hoofgraniet van Strauss, 1954) dus van dieselfde magma gekristalliseer as die Bobbejaankop- en Leasegraniet, 'n hipotese wat teenstrydig is met jongere veldgegewens (de Waal, 1972; Geologiese kaart, Blad 2428 Nylstroom, 1975). Alhoewel die beskikbare spoorlementgegewens van veral niobium, torium, uraan en titaan hierdie kontak baie duidelik afbaken, sal so 'n elementverspreiding oor die Lease-granofierkontak verwag word, ongeag of die granofier oer of deel van die granietsuite uitmaak. Die beskikbare gege-

wens oor die Lease-granofierkontak kan dus nie gebruik word om meer lig op bogenoemde probleem te werp nie.

Volgens Groves en McCarthy (1978), hang die spesifieke vorm van mineralisasie af van die deurlatenheid van die onmiddellike daksone en in besonder of swak sones op 'n vroeë stadium ontwikkel het in die kristalliserende magma. In die Zaaiplaatsgebied lyk dit asof die gasfase vasgevang was onderkant 'n nie-deurlatende daksone (Rashoopgranofier) om 'n subhorisontale greiseniseerde granietplaat te vorm, ingesluit in die vroeër gekristalliseerde granitoïde (Rashoopgranofier en Nebograniet), (Groves en McCarthy, 1978).

In so 'n hipotetiese geval waar die moedermagma fraksionele en ewigskristallasie ondergaan, word elemente soos byvoorbeeld Th, U, Rb en Nb wat aanvanklik nie aan die kristallasieproses deelneem nie uitgeskei en eers aan die einde in 'n laاتفase smeltsel gekonsentreer. Dit is ook so dat sulke laاتفase granitoïde gewoonlik 'n afname vertoon in konsentrasies van elemente soos Sr en van die meer mafiese elemente soos Ti. In so 'n model verteenwoordig die Rashoopgranofier dus die daksone van die Bosveldgranitoïde waaronder die laاتفase kristallasie en gepaardgaande mineralisasie plaasgevind het.

